

ST. ALFEGEUS

19 APRIL

(953-1012)



Hierdie geliefde Angelsaksiese heilige het as jongman 'n monnik geword by die abdy van Deerhurst by Gloucester in Engeland. Later gaan woon hy as kluisenaar in die wildernis en in 984 word hy verkies tot ab van die abdy van Bath. Kort daarna word hy biskop van Winchester gewy en word hy deur koning Ethelred II gestuur om met die invallende Deense magte te onderhandel. Hy slaag daarin om die Deense hoofman tot die Christelike geloof te bekeer. In die jaar 1005 volg hy Alerik op as aartsbiskop van Kantelberg. Hy gaan na Rome om die pallium uit die hande van pous Johannes XIII te ontvang. By sy terugkeer beleër die Dene vir Kantelberg en word hy gevange geneem. Hulle vra 'n groot som geld as losprys vir hom en hy weier dat die geld betaal word. In hul woede kap hulle hom met 'n byl dood. In die Middeleeue is hy as martelaar vereer en duisende pelgrims het sy graf besoek.